SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging
SA Hunters and Game Conservation Association
Plot 3, Mountain Drive 7 / Plot 3, 7 Mountain Drive, Derdepoort
Posbus / PO Box 1952, Montana Park, 0159
Tel: (012) 808-9300 Faks / Fax: (012) 808 9344
E-pos / Email: admin@sahunt.co.za Web: www.sahunters.co.za

Suid-Afrika se Grootste Bewaringsorganisasie - gefokus op Bewaring deur Volhoubare Benutting
South Africa's Largest Conservation Organisation - focussed on Conservation Through Sustainable Use

(SG08) Tyd en Presisie 1 (Grendel Aksie)

SPORTSKIETOEFENINGE DIEN AS VAARDIGHEIDSONTWIKKELING EN KWALIFISEER NIE VIR DIE GROOT 5 TOEKENNING NIE

1) Inleiding

Die tabel bied aan Sportskuts met standaard grendel aksie randslag gewere 'n uitdagende skietoefening wat bestaan uit 'n kombinasie van spoed en presisie skiet. Die Tabel bestaan uit 30 skote wat in 3 oefeninge verdeel word.

2) Takke kan spanne in die volgende kategorieë inskryf

- Juniors: jong mans en dames <18 (word 18 in die kalenderjaar waarin die kompetisie plaasvind).
- Dames opeklas (Dames >18 en <65)
- Mans opeklas (mans >18 en <65)
- Senior Mans & Dames (>65)

3) Aftand

10m, 15m, 25m

4) Skietbaanveiligheidsreëls en standaardbevele

Sien "Skietbaanveiligheidsreëls vir deelnemers" en "Standaardbevele op die skietbaan" vir laai, ontlaai en veiligheidsprosedures.

5) Vuurwapentipe

Standaard grendel aksie randslag gewere

6) Herlaai

Na die aanvanklike opdrag om te laai, moet alle verdere herlaai aksies plaasvind met ammunisie vanuit die deelnemer se sak, ammunisie-gordel, meganiese herlaaiers,ekstra magasyne, spesiale sak of elders aan die deelnemer as person. Dit is deelnemers se verantwoordelikheid om te verseker dat hulle genoeg ammunisie vir elke oefening of kompetisie het.

7) Visiere of teleskope -

Oop / Optiese visiere

8) Geweer bande

Nie toelaatbaar nie.

9) Oefening

Skuts word op skietpunt versoek om hulle wapens uit te pak en veilig te verklaar. Die volgende oefeninge vind plaas vanaf die 45 grade posisie, staande met geen ondersteuning.

Hierdie oefening duur ongeveer 30 minute om te voltooi. Dit vereis 30 rondes. Die maksimum moontlike telling is 300

Oefening 1 25 meter, 10 skote [5, herlaai 5] in 2 minute [Sluit 'n herlaai in]

Oefening 2 15 meter, 10 skote [Totaal]

Fase 1: Laai en maak gereed met 5 rondtes
1 Skoot, moet binne 2 sekondes gevuur word met tussenposes van 5 sekondes
Na elke fase moet wapen terug gaan na die gereed posisie (45 grade)

Die fase word x5 keer herhaal

Fase 2: Laai en maak gereed met 5 rondtes
1 Skoot, moet binne 2 sekondes gevuur word met tussenposes van 5 sekondes
Na elke fase moet wapen terug gaan na die gereed posisie (45 grade)

Die fase word x5 keer herhaal

Oefening 3 10 meter, 10 skote [Totaal]

Fase 1: Laai en maak gereed met 5 rondtes
5 Skote, moet binne 10 sekondes gevuur word

Na elke fase moet wapen terug gaan na die gereed posisie (45 grade)

Die fase word x2 keer herhaal

10) Gelykop Tellings

Indien daar gelykoptellings is sal die volgende reëls van krag wees:

- **a.** Die hoogste getal "X" in die uitslag;
- **b.** Met die hoogste getal "X" vanaf die vêrste afstand
- **c.** Met die minste aantal skote met laagste waarde in die rondte

11) Erkenning

60% Brons 180+, 70% Silwer 210+, 80% Goud 240+
Die maksimum telling wat behaal kan word, is **300**

12) Teiken

1 x S10 (half grootte)



Datum hersien: 2017-09-07